

# Liturgiese Riglyne

## NAGMAAL

**SONDAGOGGEND 9:00**

*Sien jy die Lam van God raak? Maak oop jou oë!*

**Skriflesing:** Joh 1:19-34

Heb 12:1-3 Op 5:1-7; Job 42:5

**Teksvers:** Joh 1:29

**Sing:**

Ps 118:12,14

Ps 126:1

Sb 5-3:1,2

Sb 17-3:1,2

Ps 116

Ps 103:1,3

Sb 18-7:1,8,9,12

Sb 13-3

Ter voorbereiding van die Nagmaal dink ons vandag aan Jesus as 'die Lam van God'. Soos die lam (ram) wat God vir Abraham en Isak voorsien het (Gen 22), so is Jesus die Lam wat God voorsien vir die versoening van al ons sondes.

Soos die bloed van die oggend- en aandofferlamms wat elke dag omsluit het, so is Jesus deur sy offerwerk die 'alles' van ons lewe. En as Johannes Hom hier by die Jordaan ontmoet en Hom as die Messias herken, dan roep hy ons almal op om van alle dinge af te sien en op Jesus ons Verlosser alleen te fokus.

So laat die Nagmaal ons uitsien na die Bruilof van die Lam...

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Nicolai vd Merwe

**Klank:** Hein Kaiser

**Prediker:** Ds Maarten van Helden

**SONDAGAAND 18:00**

*Wil jy God beter sien? Maak oop jou ore!*

**Eerder in 'n wildernis met God as in 'n paradys sonder God!**

**Skriflesing:** Ex 32-34

**Teksvers:** Ex 33:1,3,14-17

**Sing:**

Ps 66-1:1,2

Ps 38-1:1,15,17

Sb 17-3:1,2

Ps 145:1-3, 10-12

Lied 203:1,2,3

Sb 13-3

Hoe leef ons elke dag, met of sonder God? Is God net in die agtergrond van ons gedagtes? Ploeter ons elke dag voort in ons werk en in ons lewens? Of sien ons God in ons lewens en leef werklik tot eer van God? Moses was 'n man van God wat in sy teenwoordigheid gelewe het elke dag. Elke dag het hy God "gesien en gehoor". Moses wou niks doen as hy nie seker was dat God by hom en die volk is nie. Maar God is net by jou as jy in ware opregte afhanklikheid van God leef. Om in afhanklikheid te leef is om te hoor, te verstaan en in 'n opregte gebedslewe met God te leef.

Ons gaan na drie sake kyk:

- God se opdrag: Moses trek na Kanaän.
- God se toorn: Ek trek nie saam met julle nie.
- God se genade: Goed Ek sal saamtrek.

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Bertus Lourens

**Klank:** Thinus Smuts

**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 44 Nr 02 20 Januarie 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## God regverdig?

*Jy moet eers gou die gelykenis van Jesus in Matteus 20: 1-16 lees. Die konklusie is dat die eenaar van die wingerd kan doen wat hy wil...*

God is die eenaar van alles wat Hy gemaak het. Hy kies sy kinders uit en gee aan hulle die lewe deur Jesus Christus. Dit is sy genade. Hy het baie genade! Baie! Hy kan dit gee vir wie Hy wil, wanneer Hy wil. Hy is die almagtige, vrymagtige, soewereine en enigste God! Daarvoor loof en prys ons (en alles wat asem het) die Here!

Daar is mense van die kant van die ongelowiges wat dink dat God *onregverdig* is. Dit is te verstane. Hulle insig skiet net vër tekort. Dat daar egter gelowiges is wat dink dat God onregverdig is omdat Hy vir sommige red en ander nie, gaan mens se verstand te bowe. Ek as verlose word dus "onregverdig" behandel.

Mense raak jaloers op mekaar as jy soos *die wêreld* na dinge kyk. In die wêreld is dit net die vinnigstes wat wen, en die eerstes kry die trofee. By God werk dinge egter 'n bietjie anders, of soms heeltemal anders, ja selfs soos teenoorgesteldes... Daarom eindig die gelykenis met die sg. absurde: "Die wat laaste is al eerste wees, en..."

God is nie regverdig omdat Hy vir alle mense dieselfde gee of dieselfde kanse gun nie. Nee, as God in daardie opsig regverdig moes wees, sou Hy geen ander keuse gehad het as om ons almal in die helse vuur te gooi nie. Ek glo nie dit is wat jy wil hê moet gebeur nie.

God is regverdig in die sin dat Hy geen sonde het of doen nie, en dit ook nie kan aanvaar nie. Hy kan wel daarmee 'n plan maak, want Hy is soewerein (kan doen wat Hy wil). Hy het sy Seun gegee as die plan vir die wegneem van sondes en daarom vergewe Hy om-Christus-wil telkens weer.

Gaan aan die Nagmaal met die wete dat jy 'n *regverdige God* dien. Die nagmaaltokens is simbole van die plan wat Hy gemaak het om 'n einde te maak aan sonde en straf.

Ds Maarten

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226  
Faks: 012 664 0004 Lyttelton  
Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Paul Hugo Alethea: Marcel Wilson  
Diaken: Tinus Nel

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Les 1, Ps 100:1

Volgende week: Les 2, Ps 100:2

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

**Kerk se bankbesonderhede:**  
Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**  
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk  
Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**  
Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion Susters  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 417

## BYBELSKOOL van CENTURION

bied aan

### Virtuele toer van die Bybelse lande

olv Ds Maarten van Helden

Ter wille van die beter verstaan van die Bybel behandel ons hierdie kwartaal die agtergrond van die Bybel aan die hand van video's en foto's uit die Bybelse lande.

Ons bekyk die algemene geografie en argeologie en gegewens uit opgrawings. Ons kyk na die natuur en omgewing en hoe die mense in Bybelse tye gelewe het. Wat weet jy van die Olyfboom en die Amandel-boom wat so dikwels as metafore in die Skrif gebruik word? Hoekom wou Nabot nie sy wingerd aan koning Agab verkoop nie? Ons beantwoord sulke vrae.

Kom ons doen saam in-diepte-Bybelstudie oor verskeie temas aan die hand van hierdie video's.

Datum: 5 Februarie—12 Maart 2019

Plek: Kerksaal Geref Kerk Centurion

Tyd: 19:00 Elke Dinsdagaand

Koste: R100 pp

## Uitreik na Covenant College (Zambia)

Die Evangelisasie Kommissie beplan 'n uitreik na Covenant College gedurende die Junie/Julie skoolvakansie. Die Kollege bestaan uit 3 bedieninge nl: Opleiding van Predikante; "Farming Gods way" en opleiding van kleuterskool personeel.

Daar is dus geleentheid vir mense met diverse gewaes om betrokke te raak by die Uitreik. Daar is 'n groot behoefte van die Kollege se prinsipaal en personeel om nouer met Centurion gemeente te skakel. Die behoefte bestaan ook om die Kollege se perseel en prosesse te onderhou en te verbeter.

**Voorlopige datum:** 26 Junie tot 7 Julie  
(Insluitend 6 dae se reis tyd.)

**Kostes:** moet nog gefinaliseer word maar sal insluit: petrokkoste vir omtrent 4000km; verblyf vir ten minste 4 aande; kos en grenskostes. Verdere inligting sal volg.

Indien u belangstel skakel vir Attie van der Walt (0824935328) vir meer inligting.

## KINDERAKSIE

### SPELETJIESAAND by die KERK (Gr R tot Gr 7)

1 FEB by die kerk- bring jou swemklere! Worsbroodjies en koeldrank word voorsien. GRATIS.

Besonderhede volg



Blok hierdie datum in u dagboek:



## KAAS EN WYN

Vrydag, 1 Maart 2019  
18h00

# WEES STERK.

MY OPDRAG AAN JOU IS DAT JY STERK  
EN DAPPER MOET WEES. MOENIE BANG  
OF HUIWERTIG WEES NIE. DIE HERE JOU  
GOD IS SAAM MET JOU ORAL WAAR JY GAAN

JOSUA 1:9

© Perseel/kaassteiger

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- George Erasmus sterk tuis aan na 'n hartaanval (C6—084 440 1299).
- Dineke de Jonge sukkel met haar gesondheid (B12—807 2466).
- Hennie Jv Rensburg het elumboogoperasie ondergaan (B1—083 370 9553).
- Johan Jordaan sterk tuis aan na 'n besoek aan die hospitaal (A14—654 7952).
- Liezl Smit ondergaan Woensdag 'n operasie in Unitas hospitaal (C5—083 592 1434).

**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Geluk

- André en Karin Kirsten met die geboorte van François op 15 Jan.



## Alethea Ministry 11:00

Worship Service and Sunday School

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

## KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teol studentekas



Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasie

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) [centurionflorist@discovery.mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery.mail.co.za)

Ten volle toegeruste vakansiehuis tussen Margate en Port Edward te huur. Huis huisves 8 mense en woonstel 2. Wye see-uitsig en lekker swemstrande. Ignatius Viljoen 0661765471.

**Bronberrik tuinwoonstel te huur** R5600 pm—1 Feb. Ruim 1sk tuinwoonstel vir enkel persoon. Onderdak parking, stoep en eie klein tuin. Nie roker, geen troeteldiere, w&l insluit. Cobus 083 633 7208.

**Ruim Tuinwoonstel te huur** R5500pm (w&l ingesluit), Alanweg, Eldoraigne. 1 Sk, vol b/k; oopplan sit-; eetkamer; kombuis, swembad en braai. Onderdak parking. Alarmstelsel. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

## Eljada:

Benodig: nie-bederfbare voedsel; blikkieskos; skoonmaakmiddels en persoonlike versorging items.

Ons gemeente bied Dinsdae-oggende Bybelstudie aan by Eljada. Indien u, u weg oopsien om hierby betrokke te raak moet u my asb kontak:

Petra Swanepoel 082 927 7324/  
[petraswa@gmail.com](mailto:petraswa@gmail.com)



## Senioraksie

Lidmate bo 60 word vriendelik uitgenooi om by die Senioraksie aan te sluit.

Ons vergader die eerste Maandag van elke maand (vakansies uitgesluit). Dus 9 keer vir 2019.

Ons jaarprogram bied 'n groot verskeidenheid aan. Aktuele besprekings, musiek, toets u kennis, sop en sjerrie, ens.. U kry dit alles vir ledegeld van R80 pp per jaar.

Ons eerste byeenkoms is DV Maandag, 4 Feb 2019. Berigte altyd 2 Sondag voor die byeenkoms in die Kommunikatjie, op die bord en per afkondiging.

U hoef nie amptelik aan te sluit nie - kom net na die byeenkomste.

Kom word deel van 'n groep wat ook heerlik saam kuier oor 'n koppie tee, na elke byeenkoms.

Albie Venter 083 631 6638

Indien u bereid is om te help met die **afhaal van blomme** vir Sondag, skakel:

**Ronel Hoogenboezem**  
083 292 3534

## NAGMAAL-ETE

U word **ALMAL** hartlik uitgenooi na die nagmaal-ete **20 Januarie 2019** om **12:00**.

Die Diaconie verskaf gebraaide hoender-kebabs en rolletjies. Die susters sal reël vir slaai.

### Bring saam:

- Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
- Stoele. U is ook welkom om 'n gazebo saam te bring.
- **Swemklere vir die kinders.**

**DAAR SAL 'N LEKKER GLYBAAN EN SPRINGKASTEEL WEES WAAR JONK EN OUD OP KAN GLY**

## VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

20-Jan	WD	le Roux	B04	083 277 5854
		Amanda Swanepoel	B09	654 5568
21-Jan	Hendrik	Bornman	C10	072 468 2973
	Janina	de Beer	B03	084 547 9575
	Wim	Grobler	B16	012 664 3040
	Mariana	Pelser	B15	082 654 4789
22-Jan	Koos	van Zyl	B03	082 579 5853
	Engel	de Jonge	B12	807 2466
	Adele	Erasmus	B05	653 7453
	Andre	Kirsten	C14	084 513 3995
23-Jan	Baby	Viljoen	B21	083 778 7870
	Leandrie	Niehaus	A12	082 569 5909
	Kerry	Trentham	C14	079 879 6862
24-Jan	Nicolai	van der Merwe	B20	061 354 1795
	Gert	Boshoff	B14	654 1860
	Francois	de Jager	B14	073 037 1155
	Cimel	du Toit	C10	072 174 5390
	Johan	Kornet	A04	347-0044
25-Jan	Mattie	Reynecke	A07	082 821 5893
	Bennie	v Nieuwenhuizen	C08	082 322 4864
	Liana	Venter	C15	083 230 1947



### DOOPLIDMATE

20-Jan	Talitha	Buys	B09	660 1483
21-Jan	Miané	van der Riet	C15	083 642 8887
22-Jan	Danika	Snyman	B10	083 517 5803
23-Jan	Wilmari	Hoffmann	A02	084 553 1605
	Alme	Hugo	B15	082 462 1902
	FC	Louw	C14	082 418 9113
	Katelynn	Olivier	A14	065 941 9069
	Colett	Sevenster	A11	073 571 5513
	Theo	Zeevaart	B15	654 2261
23-Jan	Henk	Sweers	A05	644 1969
25-Jan	Michiel	Bezuidenhout	B03	083 633 8861
01/26	Derick	Human	C09	061 535 9665


### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



20-Jan	A12	Bieuwkje Pretorius
	A13	Willemien Riekert
	A14	Gwendi Gourley
	A15	Amanda Brink
27-Jan	B01	Rita van der Vyver
	B02	Petra Terblanche
	B03	Ronel Swanepoel
	B04	Helene Kruger

### SUSTERSAAMTREK 2019



Datum: Saterdag, **9 Maart**

Tema: Om-gee-wingsbewus

Spreker: Prof. Albert Coetsee  
Annabé Pretorius

Plek: NG Kerk Magalieskruin

Koste: R 150

**RSVP: 6 Februarie**

Skryf jou naam op by die Olyfboom.

Kontakpersoon: Rika Kruger  
(0768347774)

